



eduresourceza.com



INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2024

REKENINGKUNDE: VRAESTEL I

Tyd: 2 uur

200 punte

INLIGTINGSBOEKIE


HIERDIE BLADSY IS DOELBEWUS OOPGELAAT

VRAAG 1**VOORRAAD****(35 punte, 21 minute)**

Galinda Handelaars koop weggooikosskinkborde in groot maat by Maimela Vervaardigers en verkoop dit aan verskillende ondernemings, waaronder kolleges en universiteite vir hul kafeterias. Hierdie weggooikosskinkborde is gerieflik vir wegneemetes.

Die bokse met weggooikosskinkborde word teen 'n 25%-wingsgrens op kosprys verkoop.

Hierdie items word in bokse verkoop. Elke boks bevat 100 weggooikosskinkborde. Die verkoopprijs per boks is R1 600. Die onderneming gebruik tans die eerste-in-eerste-uit- (EIEU-) metode om die voorraadwaarde te bereken en die periodieke voorraadstelsel word gebruik om alle transaksies op te teken.

**INLIGTING**

Die inligting het op die maand Mei 2023 betrekking.

1. **Voorraadsaldo's:**

	Bokse	Prys per boks	Totaal
1 Mei 2023	500	R1 280	R640 000
31 Mei 2023	110	?	?

2. **Aankope en terugsendings:**

Inligting	Bokse	Prys per boks	Totaal
5 Mei 2023	120	R1 344	R161 280
23 Mei 2023	200	R1 300	R260 000
Terugsendings uit die bestelling wat op 23 Mei 2023 ontvang is	(24)	R1 300	(R31 200)
Ekstra bokse wat van die verskaffer ontvang is as aanspooring vir lojale klante	10	R1 365	R13 650
	306		

3. Gedurende Mei 2023 is 690 bokse teen R1 600 per boks aan verskillende kolleges en universiteite verkoop. Hul mededinger verkoop dieselfde tipe weggooikosskinkbord teen R1 800 per boks. Elkeen van hulle bokse bevat egter 110 weggooikosskinkborde.

VRAAG 2**VERVAARDIGING****(47 punte, 28 minute)**

Die volgende inligting is geneem uit die rekeningkundige rekords van Thandeka Vervaardigers vir die jaar geëindig 31 Mei 2023. Thandeka Vervaardigers produseer bekleedselleerslaapbanke. Hulle koop bekleedselleer by Duitsland en verwerk dit tot die slaapbanke. Die wisselkoers het deur die jaar konstant (vas) gebly, €1 = R20,25.



Een slaapbank gebruik 1,8 meter bekleedselleermateriaal. Thandeka Vervaardigers gebruik die geweegde gemiddelde-metode om hul grondstowwe te waardeer. Die onderneming gebruik 'n periodieke voorraadstelsel.

1. Die volgende saldo's en totale het verskyn:

	2023 R	2022 R
Goedere-in-bewerking	?	0
Klaarprodukte	0	?
Fabrieksbokoste	820 570	
Administrasiekoste	962 000	
Verkoops- en verspreidingskoste	120 000	
Verkope (25% wins op kosprys)	6 719 400	

2. Grondstowwe:

	Meters bkleedselleer	Koste per meter
Grondstofvoorraad (1 Junie 2022)	675	R3 159
Grondstowwe aan die fabriek uitgereik	1 770	?
Grondstofvoorraad (31 Mei 2023)	27	?

3. Aankope van grondstowwe gedurende die jaar:

	Meters bekleedsel- leer	Koste per meter	Invoer- belasting per meter	Vraggeld op aankope per meter	Totale koste
Aankope:	Meter	€	€	€	€
September 2022	720	140	14,00	2,00	112 320
Januarie 2023	270	135	11,20	1,80	39 960
Mei 2023	135	150	8,60	1,40	21 600
	1 125				173 880

Bykomende inligting:

- (a) 600 slaapbanke is gedurende die huidige finansiële jaar vervaardig en verkoop.
- (b) Die produksiekoste van klaarprodukte per eenheid (leerbank) vir die finansiële jaar 2023 is R6 460,60.
- (c) Salarisse en lone beloop R400 000 vir die finansiële jaar. 75% word betaal aan werknemers wat direk by die produksie van slaapbanke betrokke is. Die oorblywende bedrag word gelykop tussen die administrasie- en die verkoop-en-verspreiding-afdeling verdeel.
- (d) 'n Elektrisiteitstaat van die munisipaliteit is laat ontvang en 'n bedrag van R5 000 is nog uitstaande. Die totale bedrag wat voor die staat vir die jaar betaal is, beloop R45 000. Hierdie bedrag is egter nie ingesluit in óf die totale fabrieksbokoste óf die administrasie- en verkoop-en-verspreiding-totaal wat gegee is nie (sien no. 1). Die koste word soos volg tussen die fabrieks-, administrasie- en verkoop-en-verspreiding-afdeling verdeel: 50%; 35%; en 15%.
- (e) Koste word soos volg gekategoriseer:

2023
Veranderlike koste:
Direkte materiaalkoste
Direkte arbeidskoste
Verkoops- en verspreidingskoste
Vaste koste:
Fabrieksbokoste
Administrasiekoste

VRAAG 3**KONTANTVLOEISTAAT****(48 punte, 29 minute)**

Die volgende inligting is onttrek uit die finansiële rekords van Farai Bpk vir die jaar geëindig 31 Mei 2023:

INLIGTING:

1. Lys van saldo's **voor inagneming van alle aansuiwerings en bykomende inligting wat hieronder gegee word:**

Gewone aandelekapitaal	R?
Behoue inkomste	26 950 000
Voertuie teen kosprys	520 000
Toerusting teen kosprys	145 000
Opgehoopte waardevermindering op voertuie	312 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	37 000
Lening: Kofi Bank	900 000
SAID: Inkomstebelasting (voorlopig)	510 000

2. Die inkomstebelastingkoers is 28% van die netto wins voor belasting. Daar is bepaal dat 'n bykomende R190 000 nog aan die SAID verskuldig is ten opsigte van inkomstebelasting vir die jaar.
3. 'n Ou voertuig is op 31 Januarie 2023 vir R43 900 kontant verkoop. Geen inskrywings is gemaak nie.
Die bateregister het die volgende geopenbaar ten opsigte van die voertuig wat verkoop is:

Waardevermindering vir die huidige jaar	R24 500
Drawaarde op die datum van verkoop (31 Januarie 2023)	R39 900

4. Maak soos volg vir waardevermindering voorsiening:
- Op voertuie teen 15% p.j. volgens kosprysmetode. Geen nuwe voertuie is gedurende die jaar gekoop nie.
 - Op toerusting teen 10% p.j. volgens verminderende saldo-metode.

Let wel: 'n Nuwe rekenaar is op 1 Desember 2022 vir R36 000 kontant gekoop. Dit is reeds opgeteken.

5. Die leningstaat van Kofi Bank weerspieël die volgende:
Saldo aan die begin van die jaar, R1 380 000.
'n Vaste **maandelikse** terugbetaling van R40 000, rente ingesluit.
Saldo aan die einde van die jaar, R1 116 000.
Geen inskrywings is gedurende die jaar vir rente gemaak nie. Rente word na die lening gekapitaliseer.

6. Farai Bpk het die vaste deposito by Ali Bank van R697 000 tot R800 000 verhoog.

7. Aandele en dividende:

- Die maatskappy het op 1 November 2022 'n tussentydse dividend van R800 000 betaal.
- 'n Bykomende 290 000 gewone aandele is gedurende die jaar uitgereik teen R15 per aandeel.
- 30 000 aandele is op 25 Mei 2023 teruggekoop teen R5,00 bo die gemiddelde aandeelprys van R15.
- 'n Finale dividend van 70 sent per aandeel is op 31 Mei 2023 verklaar.
- Op 31 Mei 2023 was daar 2 000 000 uitgereikte aandele.

8. Die volgende finansiële aanwysers is op 31 Mei 2023 bereken:

- Netto batewaarde per aandeel (NBW) is 2 820 sent.

VRAAG 4 MAATSKAPPY- FINANSIËLE STATE (70 punte, 42 minute)

Msibi Bpk het gemagtigde gewone aandelekapitaal van 800 000 000 aandele. Die finansiële jaareinde is 31 Mei 2023.

Syfers onttrek uit Msibi Bpk se Vooraansuiweringsproefbalans op 31 Mei 2023

Balansstaatrekeninge-afdeling (Staat van Finansiële Posisie)	R
Gewone aandelekapitaal	616 812 875
Grond en geboue	101 357 000
Verband: Nthabi Bank	3 331 200
Voertuie teen kosprys	8 003 100
Toerusting teen kosprys	963 200
Opgehoopte waardevermindering op voertuie	3 107 100
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	370 560
Vaste deposito: Lwazi Bank teen 12% p.j.	997 000
Handelsvoorraad	7 336 100
Debiteurekontrole	4 110 100
Krediteurekontrole	11 098 800
Voorsiening vir oninbare skuld	10 400
SAID: Inkomstebelasting (dt.)	518 600
SAID: LBS	1 110 100
Pensioenfonds	427 100
WVF	21 355
Bank (dt.)	516 982 117
Nominale rekeninge-afdeling	
Verkope	?
Koste van verkope	79 476 700
Salarisse en lone	17 959 000
Direkteursgelde	2 200 000
Pensioenfondsbydrae	213 550
WVF-bydrae	17 883
Ouditgelde	9 800 000
Diverse uitgawes	700 000
Oninbare skuld	123 303
Skryfbehoeftes	130 222
Reklame	196 700
Rente op vaste deposito	119 640
Rente op lening	499 680
Oninbare skuld verhaal	80 147
Dividende op gewone aandele	34 172

Aansuiwerings en bykomende inligting:

1. Verkooppryse word bepaal deur 'n winsgrenspersentasie van 45% op kosprys te gebruik. Handelskortings van R41 215 is gedurende die jaar aan lojale klante toegestaan.
2. Twee direkteure is op 1 Junie 2022 teen 'n jaarlikse direkteursfooi van R1 200 000 elk aangestel. Op 1 Januarie 2023 is 'n derde direkteur teen dieselfde jaarlikse fooi aangestel.
3. Handelsvoorraad wat koelbewaring vereis, R275 100, is vanweë 'n gebrek aan elektrisiteit (beurtkrag) beskadig. Die versekeringsmaatskappy het die eis aanvaar en sal 75% van die eis dek. Hierdie eis sal eers in Junie 2023 betaal word. Die res moet afgeskryf word. Geen transaksies is opgeteken nie.
4. Die fisiese voorraadopname op 31 Mei 2023 het die volgende voorraad voorhande weerspieël:
 - Handelsvoorraad R7 066 000
 - Skryfbehoeftes R30 222
5. Op 31 Mei 2023 is R12 330 van Z. Yuusuf, wie se rekening voorheen as onverhaalbaar afgeskryf is, ontvang. Die boekhouer het die bedrag in die debiteurekontrolekolom in die KOJ opgeteken en die bedrag is as sodanig gepos. Korreger die fout.
6. 'n Debiteur, Y. Zaire, is insolvent verklaar. Sy boedel het 35c in die rand betaal. R3 815 is ontvang en opgeteken. Die oorblywende bedrag moet afgeskryf word.
7. Die voorsiening vir oninbare skuld moet tot R11 535 aangesuiwer word.
8. Reklame bestaan uit 'n kontrak met 'n plaaslike reklamebordadvertensie-maatskappy en dit is tot 31 Augustus 2023 betaal. Met ingang van 1 Februarie 2023 het die kontraktarief met R1 405 per maand gedaal.
9. Een van die werknemers het verkeerdelik 'n dubbelsalaris uit die Salarisjoernaal vir Mei 2023 ontvang. Die werknemer het beloof om die ekstra salarisbedrag in Junie 2023 elektronies na die bankrekening van die onderneming oor te plaas. Aftrekkings en bydraes is aan die betrokke belanghebbendes betaal.

Aftrekkings			Werkgewersbydrae		Netto salaris
LBS	Pensioen	WVF	Pensioen	WVF	
3 186	1 239	177	2 478	177	13 098

10. Waardevermindering vir die jaar is R1 600 620 op voertuie en R59 264 op toerusting.